

**SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 2:13-20 (OAV)**

**FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 2:19**

### **Gesem – Teenstand gee geloofsmoed en vasberadenheid**

Gesem (én sy twee trawante, wat ons vir eers daar laat) se optrede is duidelik. Hy hoor dat die groepie Jode uit die ballingskap wil begin om Jerusalem se mure op te bou. Hy spot en verag hulle. Hy dink hulle sal nie in staat wees om dit te doen nie. Hy kraak hulle af en maak hulle belaglik. Hy roep selfs vir Nehemia-hulle tot selfbesinning en verantwoording teenoor die wêreldheerser, koning Artasasta van Persië.

Gesem is 'n voorbeeld van hoe die teenstanders van God se koninkryk is en doen. Hulle het nie deel aan God en sy koninkryk nie. Hulle is buitestaanders, vreemdelinge. Hulle spot met die dinge wat God doen en wat Hy deur mense doen. Hulle verag dit. Hulle riglyn vir wat in die wêreld moet geld en wat die wêreld glad laat verloop, is wêreldse mag en gesag.

Gesem kon egter nie God se kinders ontmoedig of keer nie. Gesem se teenstand het net meer geloofsmoed en vasberadenheid aan Nehemia-hulle gegee. Met sterk hande is die goeie werk uiteindelik klaargemaak.

Ons kan ons soms so gou laat ontmoedig oor dit wat buitestaanders sê oor ons en ons vermoëns as God se kinders. Partykeer staan die ou sondige buitestaander in ons eie harte op, wat maak dat ons klein dink en wil ophou met God se werk nog voordat dit begin is, of wat maak dat wat aardse maghebbers wil ons maatstaf word.

God praat met ons deur Gesem! Gesem met al sy teenstand was te klein en te swak om God se seën vir sy kinders te verhinder.

Ons Here Jesus Christus het dit bevestig met sy oorwinning oor Satan, die sonde en dood, deur sy lyde, sterwe, opstanding en hemelvaart. In Hom is ons meer as oorwinnaars. Voor sy krag, genade en Heilige Gees moet en sal alle teenstand, veragting en spot die onderspit delf.

*Sing: Psalm 14:1, 4, 5, 6 (1936)*

*Ds. JH (Harry) Cilliers (Reitz)*